

## Vrede – 6 April 1660 Die Eerste VOC-Koina-oorlog

Leon Hattingh\*

Vandag, 350 jaar gelede, selfs ouer as hierdie kasteel, is in 1660 vrede tussen die VOC en die Skiereilandse Koina gesluit, oftewel, was dit die einde van die eerste oorlog tussen blank en bruin in hierdie land. Dis 'n byna onbekende oorlog sonder enige veldslag, amptelike naam, gedenkteken of die gebruiklike 'die vrede van ...'

Om voor te begin. Teen die middel van die sestiende eeu het 'n Spaanse teoloog en regsgeleerde, Francisco de Vittoria, verbonde aan die universiteit van Salamanca, persoonlike raadgever van keiser Karel V, maar wat self nooit enige van Spanje se oorseese besittings besoek het nie, te voorskyn getree met 'n baie insiggewende filosofie waarmee hy die grondlegger van die moderne volkereg geword het. In sy geskryfte het hy veral die klem laat val op goeie trou en billikheid en 'n onderskeid getref tussen reg en gewete, tussen privaatiendom en soewereine regte en dit toegepas op die nuut ontdekte volke in die sogenaamde 'nuwe' wêreld. Volkereg, het hy gesê, is 'n reg wat bindend is vir alle volke en nasies. Ten grondslag hieraan is die gewoonte en die stilswyende of in 'n traktaat uitgedrukte ooreenkomste van volke wat in state leef. Deur dit te stel het hy gebreek met die bestaande Romeinse en middeleeuse opvattinge van sy dag. Volkereg was vir hom nie tussen individue nie, maar tussen state en mag nie geskend word nie. Alle nasies is hierin gelykberegtig. Dit geld veral vir die reëls ten opsigte van oorlog, vrede en die sluit van verdrae. Hy betwis die destydse mening as sou die gebiede wat in Amerika ontdek is aan niemand behoort het nie en dus in besit geneem kon word. Hy verwerp ook die gedagte dat die pous met die Verdrag van Tordesilas (1493) beskikkingsreg sou gehad het om die nuwe wêreld aan Spanje te kon toeken want die pous se mag strek nie verder as die bediening van die geestelike nie. Ook die keiser van die Heilige Romeinse Ryk is geen heerser van die wêreld nie. Dus, op generlei wyse kon Spanje op dié gebiede aanspraak maak nie. Almal het wel die reg om oral in vrede te mag reis en handel te dryf. Maar verdere magsuitoefening was nie in sulke streke met reg gelyk te stel nie. Selfs nie-Christenvolke het 'n onskendbare volkereg. As 'n volk oor 'n staatsorganisasie beskik, dan het hulle ook soewereiniteit oor hul gebied. Die Portugese, het hy as voorbeeld genoem, dryf handel in die Ooste sonder om te besit en te oorheers. Die feit dat die Amerikaanse Indiane agterlik lyk, is bloot te wyte aan slegte opvoeding en nie 'n genoegsame rede om hul gebied in besit te neem nie.<sup>1</sup>

---

\* Leon Hattingh is die afgetrede direkteur van die gewese Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland en is tans die voorsitter van die Stigting VOC in Kaapstad. Hierdie is 'n lesing gehou ten tye van die Stigting VOC se herdenking van die Eerste VOC-Koina-oorlog, 1659-1660 in die Kasteel te Kaapstad op 6 April 2010.

1. A. J. M. Kunst, *Recht, Commercium en Kolonialisme in West-Indië vanaf de zestiende tot in de negentiende eeuw*, (De Walburgers, Zuthen, 1981), pp.35-7.

As ons hierdie as riglyne vir die optrede van die VOC en die Koina tydens hul eerste oorlog neem, word dit 'n interessante oefening.

Die VOC, en sy latere eweknie die WIC, het soos die Portugese, Spanjaarde, Engelse en Franse die Atlantiese oseaan gebruik om by die 'nuwe wêreld' en die Indiese oseaan uit te kom ten einde daar handel te dryf. Die Nederlandse State Generaal, soos die pous voorheen, het 'n denkbeeldige lyn op die aardbol getrek om die twee kompanjies se onderskeie wettige sferes aan hulle toe te ken.

Terwille van hulle skeepsbemanning se gesondheid, asook om ekonomiese en strategiese redes, het die VOC 'n diensstasie aan die Kaap die Goeie Hoop gestig. Die vestiging van 'n fort en die aanlê van 'n tuin, beman deur 'n aantal amptenare, raak egter problematies want in die bepaalde omgewing het verskillende Koinastamme reeds vir jare hulle lewensonderhoud gevind. Die vroeëre ontmoetings tussen Portugese en Koina het soms op die dood van 'n hele paar mense uitgeloop wat die perspektief by die blankes geskep het dat die Koina uiters vyandig gesind is. Maar toe het 'n tyd aangebreek dat die Koina besonder vriendelik voorgekom het en bereid was om van hul vee aan die besoekers af te staan in ruil vir allerlei goed wat vir die blankes maar triviale waarde gehad het. Gegronde op die nuwe perspektief dat die Koina nie vyandig is nie en graag in vee handel sou dryf, het die direkteure van die VOC, die Here XVII, in 1651 die vestiging van die maritieme diensstasie aan die Kaap gesanksioneer.<sup>2</sup>

Die Koina van die Kaapse skiereiland het oor min of geen vee beskik nie en van hulle was afhanklik van vis en ander seeprodukte en die grawe na allerlei "worteltjies" in die omgewing. Om dus in die Tafelvallei 'n fort op te rig en 'n tuin aan te lê het hul hele bestaanswyse in gedrang gebring. Aanvanklik is die besetting gedoog omdat dit al voorheen gebeur het dat blanke seemanne wat gestrand het vir hul skuilings oprig, maar na 'n tyd weer vertrek, soos byvoorbeeld die *Haarlem* kort tevore. Die blankes van die Fort se voortdurende behoefte aan vee, enersyds vir eie onderhoud maar eintlik vir die voorsiening van vleis aan die verbyvarende skepe, was kort voor lank die Koina se bron van kommer. Die Hollanders weer, wat verwag het om vee maklik van die inheemse bevolking te bekom, het egter gevind dis 'n veel moeiliker taak. Nie soseer oor wat die blankes bereid was om daarvoor te betaal nie, maar die Koina het besef as die vreemdelinge eers eenmaal met hul eie troppe selfvoorsienend sou raak, sal hul minder afhanklik van die Skiereilandse Koina wees asook kompetender om dieselfde weiveld vir die vee. Daarom is verkies om eerder tussengangers te wees tussen die blankes en die getalryker Koinastamme van die binneland wat oor groot veetrope beskik het en meer geredelik daarvan sou verhandel. Vir hulle was dit dus sinvol om 'n buffer te vorm. Gevolglik was daar van vroeg af reeds voorvalle waar Koina die kompanjie se vee gesteel het, maar sonder dat daarmee veel meer uitgerig is as om die blankes se argwaan te laat toeneem.<sup>3</sup>

---

<sup>2</sup> Richard Elphick, *Khoikhoi and the founding of White South Africa*, (Ravan Press, Johannesburg, 1985), pp 86-9 en D Sleight, *Die Buiteposte, VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652 – 1795*. HAUM, Pretoria, 1993/04, pp. 1 – 43.

<sup>3</sup> Elphick, *Khoikhoi and the founding of White South Africa*, pp 95-103.

Die Skiereilandstamme, die Goringhaiqua of Kaapmans van Gogosoa, ook die “*dicke capitein*” genoem, die Gorachouqua (die *Tabakdieven*) met Choro as leier, die volgelinge van Ankaisoa en die klein groepie Strandlopers waarvan Herrie ’n lid was, was in die reël min in getal, eenvoudig bewapen en ongekoördineerd in hul optredes. Hulle het hul opgehou in die omgewing van Houtbaai, die Bergvallei en die skiereiland, langs die kus van Valsbaai maar ook in Tafelbaai en die Tygerberge. Autshumao, meer bekend as Herrie, ’n Strandloper wat homself ook as ’n lid van die Kaapmans beskou het, is voorheen deur die Engelse, met die oog op sy dienste as tolk, weggevoer om Engels te leer. Met die koms van die Hollanders het hy met hulle, tot sy persoonlike voordeel, sy eie spel gespeel. Op die duur het dit wedersydse verhoudinge versuur. Mettertyd is sy rol as tolk en tussenganger deur Eva, die Koinameisie wat in die huis van Jan van Riebeeck, kommandeur van die vestiging, opgevoed is, oorgeneem. ’n Ander tolk, Doman, wat deur die Nederlanders na die Ooste geneem is om Nederlands aan te leer, het hom daarna as ’n ‘groter pes’ as Herrie laat geld. Hy het veel van die Hollanders geleer, onder andere hoe om ’n vuurwapen te hanteer. Daarom was hy as gevaarlik geag.<sup>4</sup>

Die Koina se vermoë om oorlog te maak was uiters beperk. Stamgevegte is gewoonlik op een dag voltrek. Aanvalle het met baie geskreeu gepaard gegaan terwyl die vyand met assegaie gesteek of met kieries bygekom is. Die kerie is ook gebruik om aankomende assegaie mee af te weer. Die doel was gewoonlik om die vyand se vee te neem en hulle hutte, waarin die vroue en kinders geskuil het, te vernietig. Soms het hulle hul beste gebruik om met ’n stormloop ’n wig in die vyand se geledere te bewerkstellig. Op dié vroeë tydperk is dit nog nie teen die VOC gebruik nie. Dit was ook praktyk om alle gewondes en gevangenes op die plek om die lewe te bring.<sup>5</sup>

Solank as wat daar nog min uitbreiding in die Tafelvallei was, was die Koina nog betreklik vriendelik teenoor die blankes. Hulle het vrye beweging na die fort geniet en het die blankes se doen en later nuuskierig dopgehou sonder om juis daaraan deel te hê. Toe dit met die aanbreek van 1657 blyk dat Van Riebeeck oos van Windberg (vandag Duiwelspiek), die kompanjie se belange uitbrei met eerstens ’n plaas vir die kompanjie, ook een vir hom, en weerskante van die Liesbeek plase aan ’n aantal vryburgers toeken, was dit vir die Koina ontstellend. Wat hulle tot dusver in die Tafelvallei afgegee het, kon hulle kwalik bekostig. Soveel te meer hierdie nuwe uitbreiding aan die anderkant van die berg wat hul hele bestaan bedreig het. Dit ontnem hul van ’n groot stuk weiveld en al die waterbronne daar. Laasgenoemde aspek het hulle nie eers besef nie. Behalwe een verwysing na water het hulle dit eintlik nooit gemeld nie.

In die eerste plek het die uitbreiding van die vryburgers op permanente besetting gedui. Daarmee is ’n aansienlike stuk goeie en gesogte weiveld, in beslag geneem. Dit was die Koina se grootste bekommernis, want dit sou ander Koina, soos die Saldanhars, wat gewoonlik gedurende die somermaande met hul veel groter veetroppe ’n tydperk in die geweste kom lê het, in die toekoms verhinder. Reeds met die uitgee van die plase het

---

<sup>4</sup> Elphick, *Khoikhoi and the founding...*, pp 91-95 en 104-110.

<sup>5</sup> Elphick, *Khoikhoi and the founding...*, pp 55-7.

die Koina hul onvergenoegdheid met die stap aan Van Riebeeck te kenne gegee. Dit het Van Riebeeck nie van sy planne laat afsien nie want vir die kompanjie was dit 'n belangrike saak om die verversingspos te laat slaag. Hierna het die Koina hulle toenemend daarop toegelê om die blankes se vee en gereedskap te steel ten einde dit vir hulle onmoontlik te maak om permanent daar te woon. Hoe meer die blankes se huis en haard bedreig is en hoe aggressiewer die Koina se optredes geraak het, hoe noodsaakliker het dit vir die blankes geword om hul daar te handhaaf en te verdedig. Vandaar die oorlog wat in Mei 1659 begin het en met die vrede van 6 April 1660 beëindig is.

Van meet af was die vryburgers langs die Liesbeek se veiligheid 'n kwessie. Kommissaris Rijcklof van Goens het die grawe van 'n kanaal voorgestel om die skiereiland geheel en al van die binneland af te sny. Van Riebeeck het dit as 'n onbegonne taak beskou en eerder 'n rits reduite of waghuisies voorgestel. Gedurende die eerste twee jaar is egter niks meer as een reduit, *Coornhoop*, opgerig nie. Dit het ook eers geskied nadat die Koina 'n hele honderd pond se groen tabak van 'n vryburger se land gesteel het en wat op 'n bakleiery uitgeloop het. *Coornhoop* was eintlik bedoel om die VOC se vee en graanskuur in die buurt te beskerm.

Naby die kompanjie se skuur is 'n versterkte takkraal gebou wat groot genoeg was om in geval van nood al die kompanjie se vee te neem. Die vee moes egter daaglik gaan wei en daarvoor het Van Riebeeck soldate as wagters oor die kompanjie se vee aangestel. Van 'n hoogtetjie aan die voet van Windberg, wat Van Riebeeck vir die reduit *Coornhoop* uitgesoek het, sou bedreigings aan weerskante met kanonne die hoof gebied kon word. Sodra onraad êrens opgemerk is, moes met vloe seine na die Fort en die soldate wat die vee oppas, uitgestuur word. Daarmee is gepoog om die hele besette gebied onder skoot te kry.

Die vryburgers moes maar vir hul self sorg. Weens 'n tekort aan arbeid was hul vee 'n maklike skyf. Benewens hul taak as landbouers moes minstens twee vryburgers gereeld die reduit beman. Eers 'n jaar later is die eerste kanon daar opgestel. Toe die vryburgers Desember 1658 kla dat hulle hul eie verdediging moes waarneem, het Van Riebeeck hulle daarop gewys dat die reduit op VOC-koste opgerig is. Nietemin het hy hulle toe genooi om van die geleentheid gebruik te maak om ook hul vee te voeg tot die VOC se trop wat onder soldaatbewaking oorkant die Liesbeek gewei het.<sup>6</sup>

Eers toe brandstigting, moord en roof in Mei 1659 die eerste VOC-Koina-oorlog laat ontbrand, is inderhaas eers aandag gegee aan die vryburgers en die VOC-eiendom se verdere beskerming. Op Sondag 18 Mei 1659 blyk dit dat die Koina weer 'n aantal vee van die vryburgers geroof het. Toe al was daar vryburgers wat hul boerderye wou opgee en daar is gevrees dat ander hul voorbeeld sou volg. Die vryburgers is verwytdat hulle nie hul vee deur gewapende blankes laat oppas nie. Om hulle egter in dié opsig tegemoet

---

<sup>6</sup> *Daghregister gehouden by den Opperkoopman Jan Anthonisz van Riebeeck III 1659-1662*, D B Bosman en H B Thom (reds.) (Van Riebeeck Vereniging, Kaapstad, 1957, p 54; D Sleight, *Die Buiteposte VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795*, pp. 129 en 137-9.

te kom, het Van Riebeeck aan elke vryburger 'n soldaat toegewys. Voortaan sou almal eenvoudig gewapend en paraat moes wees.<sup>7</sup>

Die volgende dag het die Politieke Raad, bygewoon deur die twee burgerrade wat die vryburgers verteenwoordig het, die situasie in oënskou geneem. Hul gedagte was om verteenwoordigers na die Koina te stuur ten einde redes vir hul optrede vas te stel, desnoods ook om vrede te sluit. Op 'n suggestie van Eva, dat dit hul in die oë van die Koina as verloorders sal laat voor kom, is daarvan afgesien. Hardhandige optrede sou ook die gevaar inhou. Is geargumenteer, dat dit 'n verkeerde boodskap na die binneland mag uitstuur wat goedgesinde stamme mag vervreem. Na heelwat debatvoering is toe besluit om wel by die eerste die beste geleentheid 'n groot verrassingsaanval op die Kaapmans te loods, die groep wat verdunk is van al die dade, en daarmee die gesteelde vee terugwen. As dit moontlik was, moes selfs 'n aantal Kaapmans gevange geneem word sodat hulle as gyselaars gebruik kon word om verdere onderhandelinge te kan bewerkstellig.

Die vorige dag se besluit om soldate as veewagters vir die vryburgers beskikbaar te stel, was nog nie eens uitgevoer nie, toe nog berigte van nuwe aanvalle op die vryburgers ontvang is. Meer as een vryburger se vee het die keer in die slag gebly. Vryburger Symon in 't Veldt is vermoor en sy slaaf verwond toe hy sy eienaar se vee verdedig het. Maar meer verontrustend was die feit dat Doman persoonlik die vryburger se geweer meegeneem het. Die situasie was dus kritiek en het onmiddellike optrede van die kommandeur geverg.<sup>8</sup>

Dadelik is almal op hul hoede geplaas. Spioene is uitgestuur om na die Kaapmans te gaan soek. Nog meer soldate is uitgeplaas en die vryburgers, wat nou in vrees vir verdere brandstigtings geleef het, is aangeraai om betyds met al hul waardevolle besittings, vroue en kinders, na die reduit *Coornhoop* of die Fort *De Goede Hoop* te trek. Diegene wat nagelaat het om hierop te reageer, soos Hendrik Boom, is later verkwalik toe hy 'n slagoffer geword het van 'n verdere Koina-aanval waarin sy graanskuur en stal afgebrand en sy vee geneem is. Op die hoof van Doman is toe 'n prysgeld van 50 gulde geplaas, tien vir enige ander Koina en die helfte vir vroue en kinders as dié lewendig gevang kon word. Vryburgers wat nie landbouers was nie, het toe ook hul dienste begin aanbied.<sup>9</sup> Daarom is al die "*stadsburgers*" toe opgekommandeur om Sondagoggende 'n parade in die Fort by te woon. Na afloop daarvan is almal na *Coornhoop* waar hulle saam met die landbouers na die dag se preek geluister het, gevolg deur 'n gesamentlike wapenoefening en wapeninspeksie, afgesluit met 'n beker brandewyn aan elkeen.<sup>10</sup>

Woensdae was voortaan biddae. Die onrus waarin die hele nedersetting hom bevind het, het 'n neerdrukkende effek gehad. Alles was ontwrig. Selfs slawe en bandiete is op allerlei wyse betrek om die verdediging enigins te versterk, want daar was

---

<sup>7</sup> *Daghregister III*, pp 44-5.

<sup>8</sup> *Daghregister III*, pp 45-9.

<sup>9</sup> *Daghregister III*, pp 50-2 en 59.

<sup>10</sup> *Daghregister III*, p 56, *Sleigh, Buiteposte*, p 139.

baie plekke waar waggehou moes word met min mannekrag. Veral reënerige dae is gevrees omdat Doman bewus was dat gewere op sulke dae nie doeltreffend is nie.<sup>11</sup>

Niks het egter die eerste aantal reëndae gebeur nie. Waarskynlik kon Doman sy stamgenote nie oorreed om op sulke dae uit te gaan nie. Toe die werklike reëntyd in Junie aanbreek, het hulle wel sover gekom. Dit het die blankes kwesbaar, gefrustreerd en kragteloos gelaat. In die hoop om deur Herrie die Kaapmans te bereik ten einde tot 'n vergelyk te kon kom, is hy van Robbeneiland gebring. Maar nodeloos.<sup>12</sup>

Die Koina was heel bedrewe om vee te roof. Boonop was hul kenners van die omgewing en uiters vlugvoetig – heeltemal te vinnig vir die kompanjie se voetsoldate. Nooit kon die soldate hulle tot 'n geveg dwing nie. Sedert die oorlog uitbreek het, het dit dikwels gebeur dat Koina êrens opgemerk is maar teen die tyd wanneer die soldate daar opdaag, was daar geen teken van hulle te bespeur nie. In die hoop dat die Koina hulle sou kom haal, is sonder sukses vee doelbewus in die veld as lokaas gelaat.<sup>13</sup>

Midde in die oorlog daag die Cochoqua (Saldanhars) in groot getalle by die Kaap op met enkele, welkome ruilvee. Die Saldanhars en die Kaapmans was nie groot vriende nie daarom het Van Riebeeck groot verwagtinge gekoester van 'n moontlike bondgenootskap. Gevolglik is die Cochoqua verteenwoordigers rojtaal getrakteer. Oedaso, hul kaptein, kon weens 'n ernstige wond nie self teenwoordig wees nie. Die onderhandelinge het toe ook nie só verloop soos waarop gehoop is nie. Wantroue het by Van Riebeeck ontstaan oor Oedaso se motiewe. Om die kroon te span, is Eva ook saam met hulle en dus nie meer vir Van Riebeeck beskikbaar nie. Oor háár het hy ook nou begin twyfel. Sy vermoedens was dat Oedaso wis van die Kaapmans se bewegings. Vandaar sy onwilligheid om teen die Kaapmans gemene saak te maak.<sup>14</sup>

Van Riebeeck was, met die beperkte mannekrag tot sy beskikking, in 'n moeilike posisie. Toe die skip *Slot van Honingen* in Julie daar opdaag, het hy op die 12e die geleentheid aangegryp om 'n behoorlike leër saam te stel. Die skip se offisiere het ingestem dat hy tagtig van hul bemanningslede kon gebruik om saam met die sewentig Kaapse soldate en vryburgers, plus ses slawe met assegaie, in drie kompanjies te verdeel. Dit het Van Riebeeck die verwagting laat koester dat hulle die vyand nou 'n behoorlike slag sou kon toedien. Die leër het na die Luiperdsberge uitgetrek waar saans vure opgemerk is, dog teen die vierde dag het hulle onverrigte sake teruggekeer. Slegs die plekke waar die Koina gewoon het, is gevind maar geen Koina nie.<sup>15</sup>

Op 19 Julie kom toe die eerste stukkie goeie nuus. 'n Soldaat, wat twee beeste van die kompanjieskuur Fort toe gebring het, is onderweg deur vyf Koina aangeval. Die soldaat het hom verweer en fisikaal Gabbema en drie wagne, wat toevallig te perd daar

---

<sup>11</sup> *Daghregister III*, pp 51, 53 en 64.

<sup>12</sup> *Daghregister III*, pp 65-7 en 69.

<sup>13</sup> *Daghregister III*, pp 61-3.

<sup>14</sup> *Daghregister III*, pp 69-78, 83-4, 86, 89, 92, 93-4 en 101.

<sup>15</sup> *Daghregister III*, pp 98-101.

naby was, het hom te hulp gesnel. Die vyftal Koina, nou deur die ruiters omsingel, wou egter nie oorgee nie en vier van hulle is gedood. Doman, die vyfde lid, is ernstig gewond maar het ontvlug. Die soldaat en twee van die ruiters het assegaaiwonde opgedoen. Toe die lyke later gehaal is, was almal nie meer daar nie wat daarop dui dat daar nog Koina in die omgewing was. Dieselfde dag is ook ses ploegbeeste van vryburger Vasagie, wie se plaas daar naby was, gesteel. Boonop, asof hulle die blankes uitdaag, het 'n menigte Koina dwarsdeur daardie nag oorkant die Liesbeek gesing en geraas.<sup>16</sup>

Van Riebeeck het die gevolgtrekking gemaak dat berede soldate die oplossing sou wees. Maar 'n tekort aan perde gehad. Om verdere roof te verhinder, moes soldate bedags wegkruip en snags die Koina probeer verras. Die Koina het toe snags nie meer vure gemaak nie. Eweneens het hulle die alarmseine vanaf *Coornhoop* aangeleer en betyds op die vlug geslaan. Toe hulle op 'n keer met perde agtervolg is, het hulle teen die skuinste van Windberg op gehardloop waar die perderuiters hulle nie kon agtervolg nie en hul daar in die bosse en skeure versteek.<sup>17</sup>

Einde Julie 1659 het Van Riebeeck opnuut besin oor hoe die vryburgers en die kompanjie se beeste en skape binne die "*begrepen cerkel (nodigh tot Compagnies intentie)*" - dit is die besette gebied - die beste beskerm kon word. Saam met onderkoopman Roeloff de Man, fisikaal Abraham Gabbema en die sersant is die gebied besoek om te bepaal hoeveel manskappe benodig word. Twee dae later, Saterdag 2 Augustus, met insluiting van die twee burgerrade, is hulle weer daarheen om te besin oor hoe om die gebied waarheen die Koina gewoonlik die geroofde vee jaag, af te skort. Toe is gedink aan 'n paalheining soortgelyk aan dié van die veemarkte in Nederland. Enige ander wyse, soos om slote en walle te maak, is as onprakties geag vanweë die sanderigheid van die omgewing. Geen besluit is geneem nie. Van Riebeeck het gehoop die vryburgers mag ook met meer gedagtes na vore tree. Die Politieke Raad moes in elk geval die komende weke besin oor hoe daar vanaf Kromboom, agter vryburgers Vasagie en Brinckman se plase, genoegsame weiding vir almal se vee verskaf kon word. Ná die naweek het dieselfde groepie, vir twee dae lank, die moontlikheid ondersoek van 'n houtheining vanaf die Kromboom, "*datter geen beesten door Hottentoots sullen cunnen werden overgejaegt.*" Weereens is die finale besluit vir die Politieke Raad gelaat.<sup>18</sup>

Op dié tydstip het nuus van die tweede suksesvolle voorval gekom. Korporaal Elias Giers is einde Julie met 'n paar man uitgestuur om in die Hout- en Bergvalleie, tot die suidpunt van die skiereiland, na Kaapmans te soek omdat geglo is hulle is verantwoordelik vir die aanvalle op die nedersetting. Vroeg Sondagoggend 3 Augustus, tussen Kaappunt en Noordhoek, het korporaal Giers spore opgemerk en kort daarna ook 'n aantal mathuise, waarin 18 mans, met hul vroue en kinders gewoon het. Honderd egter hul teenwoordigheid verraai sodat die Koina, nog kaal, vinnig hul vroue en kinders kon verberg. Onder hulle is talle herken as van diegene wat gedurig by die Fort kom rondhang, hulself Vismans, alias Watermans, noem en in weerwil van wat hulle

---

<sup>16</sup> *Daghregister III*, pp 102-3.

<sup>17</sup> *Daghregister III*, p 114.

<sup>18</sup> *Daghregister III*, pp 109-110.

voorgegee het tog al gesien is tydens strooptogte. 'n Geveg het ontstaan. Hul leier is gevange geneem en 'n verdere drie gedood, onder andere 'n vroeëre kombuiskneg van Van Riebeeck. Die hutte is toe verwoes, al die assegaie, pyle, kokers en boë, selfs die Koina se velklere, is vernietig. Dit was 'n uiters gevoelige slag.<sup>19</sup> Toe het die Kaapmans by die Saldanhars gaan skuiling soek.

Op 7 Augustus het Van Riebeeck die afstand tussen die Verserivier en die see as bykans 500 roede (1,83km) gemeet. Om “*tot de verseeckerste bewaringe van 't beestiael met de minste kosten*” te geraak, is ook die gedeelte vanaf Kromboom gemeet. Op 9 Augustus het die Politieke Raad toe besluit, “(*dewijle het dogh principael daerop aencomt om 't wegdrijven der beesten te beletten*)” die goedkoopste wyse sou wees om waar die terrein dit andersins bemoeilik, 'n paalheining op te rig. Om te voorkom dat Koina die heining sou saboteer, moes wagte dit dag en nag patroleer en in standhou. Verder is twee waghuisies beplan, die een waar die beste uitsig is en die ander die grootste deurloop van Koina. 'n Derde is beplan om tussen die vryhoutsaer Leendert Cornelisz se bos en die gebied suid van die Kromboom, oorkant die Cleyheugel en die Bosberge, opgerig te word, want daar wei die meeste van die vryburgers en die kompanjie se ploegbeeste. Vroeër is al besluit om van al die ruigtes langs die Liesbeek en Verserivier, na Kromboom, ontslae te raak sodat die steiltes en die dieptes van die rivierwalle dit slegs op enkele plekke moontlik maak om gesteelde vee deur te jaag.<sup>20</sup>

Eers drie maande na die oorlog se begin, is *Kijck Uijt*, die reduit aan die Tafelbaaikant, opgerig. Dit was om te verhinder dat die VOC-gebied vanuit die noorde ongesiens binnegegaan kon word of andersins dat kompanjiesvee maklik weggedryf word. Die reduit was skaars klaar toe daar gesein is dat 'n groepie Koina aan die kom was. Onmiddellik is van die omliggende vryburgers opgeroep om die reduit te kom beman. Dit het geblyk net 'n paar Saldanhars te wees wat 'n klompie skape bring om aan die Fort te kom verruil.<sup>21</sup>

Vanaf *Kijck Uijt* was dit 'n halfuur te voet na die volgende reduit, *Keert de Koe*. Dié is ook in Augustus 1659 voltooi, geleë tussen die sameloop van die Liesbeek en die Soutrivier, 'n 100 roede (366m) van elkeen af. Dit was op die Kaapse Koina se deurloop na die Fort en binne sig van die drif waardeur die Saldanhars gewoonlik die Soutrivier oorsteek as hulle die Kaap besoek. Voortaan sou *Keert de Koe* die amptelike deurgang na en van die Fort wees. Daarvoor is 'n slagboom daar opgerig waardeur almal moes gaan. Later is perdestalle bygevoeg om berede soldate te huisves. Die soldate wat die reduit beman het, het opdrag gehad om niemand daarbinne toe te laat nie en om ook nie die sterkte van die bemanning te verklap nie. Koina wat vee bring om te ruil moes voortaan deur gewapende soldate tot by die Fort begelei word.<sup>22</sup>

---

<sup>19</sup> *Daghregister III*, pp 110-2.

<sup>20</sup> *Daghregister III*, pp 113 en 115-7.

<sup>21</sup> Sleigh, *Buiteposte*, pp 134-5.

<sup>22</sup> Sleigh, *Buiteposte*, pp 135-7.



Die derde reduit, *Houdt den Bul*, was die verste. Kommissaris Van Goens het Van Riebeeck reeds vroeër beveel om die reduit na aan Leendert Cornelisz se bos en die groepie vryburgers onder Pieter Vasagie se plase te plaas. In die eerste plek moes dit die weiveld van die kompanjiesvee, wat nou ook deur die vryburgers benut is, in die oog hou. Dit was sowat 400 meter van die Liesbeek net langs Bosheuvel, Van Riebeeck se plaas. Omdat Leendert Cornelisz in die bos agt soldate as helpers gebruik het, is hy beveel om die reduit, teen betaling, te bou en te beman, maar hy het geweier omdat hy 'n groter loon wou gehad het. Gevolglik het Van Riebeeck dit deur soldate laat doen. Daarom is dit eers einde September, begin Oktober 1659 voltooi, amper vyf maande sedert die oorlog se aanvang. Weens die afstand, meer as 13km na die ander reduite, is 'n kanon na *Houdt den Bul* geneem om seine vandaar te kon uitstuur.<sup>23</sup>

Van Riebeeck het dit oorweeg om heinings, soos dié in Europa wat grense tussen eiendomme aandui, te gebruik. Waar daar nie 'n paalheining kon kom nie, het hy takheinings (takkrake) laat maak. Hiervoor het hy die oosterse term *pega-pega* gebruik. Takke van wilde amandelbome en kreupelhout, wat geredelik in die omgewing beskikbaar was, is daarvoor gebruik. Die afstand was egter baie lank. Waar die heining wel voltooi is, het hulle op 'n keer 'n aantal beeste daarteen gejaag om die weerstand daarvan te toets. Van Riebeeck was hoogs in sy skik want voortaan sou die Koina nie sonder meer hulle vee kon verdryf nie.<sup>24</sup>

Toe hierdie werk voltooi is, was die oorlog ook al bykans verby. Net klein groepies ongewapende Koina het die gemaakte grens genader. Die prysgeld op die hoofde van Koina wat gevang sou word, is toe met die helfte verminder. Van Riebeeck het geredeneer dat die heining aan die Koina minder geleentheid bied om vee te roof en daarom 'n kalmerende invloed op hulle sal hê. Die ganse wêreld deur, het hy gesê, is dit die ervaring dat geleentheid geneëtheid skep. Sy voorspelling was dat die Koina binnekort vrede sou kom soek.<sup>25</sup>

Op 20 September het 'n afvaardiging van Oedaso se Saldanhars, met Eva in hul midde, opgedaag. Die Kaapmans het glo Oedaso gevra om Eva terug te besorg aan die Fort sodat sy daar is wanneer hulle oor vrede kom gesels. Doman, op dié tydstip nog swaar gewond, kon nog nie as tolk optree nie. Deur die afvaardiging het die Kaapmans aangebied om die helfte van die geroofde vee weer terug te besorg want die ander was al opgeëet. Die kommandeur vra toe of daar nie eerder tweekeer die getal behoort terug besorg te word nie. Eva se antwoord was dat Oedaso wel bereid is om met 'n gelyke getal te vergoed.<sup>26</sup>

Die volgende dag vertel Eva aan Van Riebeeck dat die Kaapmans erg ongelukkig is oor Doman en hom verwyt dat hy die oorsaak is dat hulle nie meer met die Hollanders vrylik kan verkeer nie. In die paar skermutselings het hul agt goeie jongmanne verloor en

---

<sup>23</sup> Sleigh, *Buiteposte*, pp 142-3.

<sup>24</sup> *Daghregister III*, pp 119-120.

<sup>25</sup> *Daghregister III*, p 118.

<sup>26</sup> *Daghregister III*, p 136.

behalwe Doman, is ook nog drie ander gewond. Boonop is die Gorachouqua ook vir hom kwaad weens die verlies van twee van hulle manne en dreig nou om met die Kaapmans oorlog te maak. Daarom het hulle by Oedasoa kom kla, want weens die Hollanders se skietery, ag hulle hul lewens nie meer veilig nie. Hierop het Van Riebeeck gesê as Oedasoa al die gesteelde vee terugbesorg sal hy met hom vrede sluit maar nie met die ander nie.

Dit was die boodskap wat Eva moes oordra. Ten tye van haar groep se vertrek, was daar weer Koina-aanvalle, dié keer by Leendert Cornelisz se bos, op die verste punt. Boonop het Eva se groep, met hul aandoen van die reduit *Duijnhoop*, sekere gereedskap daar geneem wat Van Riebeeck opnuut aan haar laat twyfel het. Sy slotsom was dat hulle net nog te meer op hulle hoede sal moet bly.<sup>27</sup>

Op 13 en 14 Oktober het 'n negetal van Herrie se Watermans gevra om met Van Riebeeck te kon praat. Hulle was deel van die groep wat deur korporaal Giers verras is, maar het te kenne gegee niks met die roof van vee te make het nie. Dit was die Kaapmans en Doman. Toe vra hulle dat daar nie meer soldate uitgestuur word om na hulle te soek nie. Hulle wil weer met hul huise, vroue en kinders in die omgewing van die Fort kom woon. Hulle sal diensbaar wees, soos om hout en water te haal, asook vis te vang want hulle beskik nie oor beeste nie. As dit hulle toegestaan word, sal ook van die Kaapmans om vrede kom vra. Die Kaapmans skuil nog by Oedasoa wat die beeste wat geroof is daarvoor geneem het. Die volgende dag het die Politieke Raad hul versoek ernstig gedebatteer alvorens daar toegegee is. Met hul vertrek, is hulle deur die fiskaal noukeurig gewys waarlangs hulle in die toekoms die kompanjie se gebied moes betree.<sup>28</sup>

As gevolg van die rooftogte het sommige vryburgers geen of weinig vee oorgehad. Op 7 November is toe weer ploeg- en melkbeeste aan hulle uitgedeel - deels om die vryburgers weer op die been te help, maar vanuit die kompanjiesoogpunt, om ook die ryp koring op die lande so gou moontlik in die skure te kry.<sup>29</sup>

Uit eie wil, maar met die toestemming van Oedasoa, het Eva op 8 Desember in die geselskap van fiskaal Gabbema met die Saldanhavaarders van Saldanhabaai af gekom om Van Riebeeck te kom spreek. Die Saldanhavaarders was 'n groepie vryburgers wat toegelaat is om in Saldanhabaai te gaan visvang en gereeld ander produkte saam te bring. Eva het gerapporteer dat sy die kommandeur se boodskap, dat hy weer met die Kaapmans in vrede sou leef as hulle al die geroofde vee terugbesorg, aan Oedasoa oorgedra het. Oedasoa het erken dat die Kaapmans hul by hom bevind en dat hy driekwart van die geroofde vee van hulle geneem het, want hulle het 'n kwart teruggehou. Oedasoa sal dus die vee met sy mense stuur want die Kaapmans belowe om hulle voortaan beter te gedra. Ten einde weiding te vind wil Oedasoa nou dieper die land intrek en wil die Kaapmans nie meer by hom hê nie. Hy het hulle aangeraai om eerder met die Hollanders te gaan

---

<sup>27</sup> *Daghregister III*, pp 136-7.

<sup>28</sup> *Daghregister III*, pp 145-7 en 148.

<sup>29</sup> *Daghregister III*, pp 154-5.

vrede maak voor hulle dalk oorval word. Hulle het hom dit belofte maar hou hulle intussen nog skuil by die Chariguriqua.<sup>30</sup>

Tot Kersfees daardie jaar het Van Riebeeck sy hande vol gehad met 'n sameswering onder die soldate om die Fort te oorrumpel. Die komplot is net betyds ontdek. Intussen het Herrie en 'n medegevangene, ook van Robbeneiland ontsnap. Eers teen 10 en 11 Januarie 1660, toe daar weer saans vure teen die *Lupartsgebergte* opgemerk is - asof daar mense kon wees - het Van Riebeeck tot verhaal gekom. Eva, en die Watermans, wat weer om die Fort woon, het beweer die vure kon net van die Kaapmans wees. Korporaal Giers is toe met 'n paar manskappe uitgestuur. Ofskoon die vure nog elke aand gesien is, kon Giers en sy manne niks vind nie.<sup>31</sup>

Op 18 Januarie bring die Saldanhavaarders 'n vrag vis en vee wat hulle daar van Oedasoa geruil het met die nuus dat die Kaapmans hulle steeds by hom bevind. Hulle het ook vir Herrie, Doman en die *dicken capiteijn*, ontmoet wat almal te kenne gee dat hulle weer naby die Fort wil kom woon. Daarom is die Saldanhavaarders versoek om iets terug te bring wat toon hulle aanbod om vrede sal aangeneem word. Behalwe 'n briefie, onderteken deur kommandeur Van Riebeeck, onderkoopman Roelof de Man en fisikaal Abraham Gabbema, moet daar ook tabak en vier stukke koperdraad vir hul kaptein wees. Eva kan maar by die kommandeur aanbly sodat daar "*oor en weer*" agente is om te "*weten watter bij ons omgaen ende voorgenomen wort.*"

Verder het die Kaapmans beweer, rapporteer die Saldanhavaarders, die oorsaak vir die oorlog was toe die Hollanders oral die beste grond begin ploeg het. Toe neem hulle die osse om die ploëry te voorkom. Soms het van die vryburgers hulle "*veel quaet gedaen.*" Jan Reyniersz en Hendrik Boom het eendag 'n Koina met 'n strop opgehang. Was dit nie dat Jacob Rosendael dit afgesny het nie, sou dié nou dood gewees het. Nou dat die Hollanders weerstand bied, sien hulle dat dit onmoontlik sal wees om hulle van die land af te verdryf. Daarom soek hulle nou om weer soos te vore in vrede te leef.

Ook Herrie, met die belofte dat hy voortaan sal toesien dat die Chainouqua (van die Overberg) gereeld beeste aan die Fort voorsien, het gevra om weer met sy groepie by die Fort te kom woon. Sy verskoning was, as die vryburger Symon in 't Velt nie op hom geskiet het toe hy van sy beeste kom neem het nie, sou hy hom ook nie doodgesteek het nie. So ook was die dood van die kneg van Hendrik Boom sy eie skuld omdat hy hom verset het terwyl hulle maar net die beeste wou geneem het. Op die vraag waarom wil hulle weer in die Kaap kom woon, was die antwoord dat dit hul geboorteplek en hul eie land was met die mooi water waarna hulle voortdurend hunker. In Saldanhabaai is dit oral dor en brak. Oedasoa wil nie die goeie dele en die water daar met hulle deel nie. Hy het gesê hulle moet na hulle eie gebied terugkeer, vrede sluit en nie van hulle 'n oorlas maak nie. Hulle moet altyd onthou, het Oedasoa gesê, die kommandeur is die grootste heer van die land, net soos hy. Hy ag hom as sy eie broer en wil hom nie vervreem nie. Oedasoa, het Eva toegevoeg, vertrou nie die Kaapmans nie, want hulle kan later weer

---

<sup>30</sup> *Daghregister III*, pp 162-3.

<sup>31</sup> *Daghregister III*, pp 175-7.

kwaad doen. Eva het alles bevestig en beweer dat Oedasoia so vas in die kommandeur se hart is, dat niemand hom daar sou uitkry nie.

Drie dae later is 'n briefie, gerig aan Gogosoia, die *dicken capiteijn* van die Kaapmans en Doman met 'n rolletjie tabak, 'n kan brandewyn en vier stukke koperdraad met die Saldanhavaarders saamgestuur. Die Kaapmans is hiermee verlof gegee om weer die Fort te besoek en met die kommandeur oor vrede te kom praat. Geteken soos versoek. Ook 'n briefie en geskenke aan Herrie. Hy mag weer met sy gevolg by die Fort kom woon as hy onderneem om te help dat "*ons veel beesten toegebracht worden.*"<sup>32</sup> Hiermee was die proses om 'n vredesooreenkoms te bereik goed onderweg.

Teen 17 Februarie keer die Saldanhavaarders terug. Onder andere bring hulle 25 verruilde skape, 8 van die Kaapmans en die res van die Chariguriqua by wie Herrie hom bevind het. Herrie was heel gretig om met die boot saam te kom maar die Saldanhavaarders het hom vireers afgeskud. Sedert die Watermans weer tot die fort se omgewing toegelaat is, het Claes Das die leiding oorgeneem en hulle twee was nie groot vriende nie. Verder rapporteer die Saldanhavaarders dat 'n afvaardiging van die Kaapmans binnekort die Fort sal besoek met die deel van die geroofde vee wat nog nie opgeëet is nie, sodat hulle "*een vaste, onverbreeckelijke vrede sal willen aengaen ende onderhouden.*"<sup>33</sup>

In dié dae het Van Riebeeck die buitelyne van die besette gedeelte opgemeet. Van die waghuis *Kijck Uijt* tot by Leendert Cornelisz se bos was dit 3 673 roede (13,4km) waarvan hy 2 353 roede (8,6km) 'n roede breed, (ongeveer 4 meter, wou omploeg om daar bitteramandelbome en ander vinnig groeiende braam en steekdoring so dig te laat saai en beplant dat geen beeste of skape in die toekoms daardeur gejaag sou kon word nie. Dit het hy 'n *lantweer* genoem soortgelyk aan die skeidings wat Duitse grawe en here tussen hulle eiendomme gebruik. Hier en daar sou slagbome (bemande deurgange) en wagtoringe wees om die boere teen aanvalle te beskerm. Dit het hy as die goedkoopste oplossing geag. Die ploëry, het hy gereken, behoort nie langer as drie weke te duur nie. Teen einde Maart, begin April, wanneer die saad in oorvloed beskikbaar sou wees, kon dit versamel word om gedurende die reënseisoen te saai. Oor vier tot vyf jaar, het Van Riebeeck geskat, behoort dit 'n goeie, digte en sterk beskutting te wees sodat selfs mense nie daardeur sou kon kom nie. Binne die halfmaan kan die daaglikse aktiwiteite voortgaan.<sup>34</sup> In werklikheid is dié gedeelte van die grenslyn dus nooit gesluit nie.

Drie vryburgers, onderleiding van Harman Remanjenne, het sonder medewete of toestemming van Van Riebeeck 'n besoek aan Saldanhabaai gebring om daar te gaan veeruil. By die Kaapmans ruil hulle ses skape en 'n maer koei. Terug vergesel drie Kaapmans hulle. Op 1 Maart daag hulle by die Fort op. Die Kaapmans vra die kommandeur om Herrie en Doman die geleentheid te gun om die Fort te besoek, enige

---

<sup>32</sup> *Daghregister III*, pp 177-9.

<sup>33</sup> *Daghregister III*, p 185.

<sup>34</sup> *Daghregister III*, p 187.

beeste en skape te oorhandig en om oor vrede te gesels. Hulle beloof om voortaan goeie vriende te wees en nooit weer 'n oorlas nie. Dié versoek is onmiddellik toegestaan. Twee dae later vertrek Harman Remanjenne weer, dié keer vergesel van 'n soldaat en die Kaapmans. Behalwe geskenke neem hulle ook 'n briefie aan Herrie, onderteken deur Van Riebeeck en die heer Pieter Strerthemius, raad van Indië, admiraal van die retoervloot en besoekende kommissaris.

Toe die Saldanhavaarders weer terugkeer, rapporteer hulle dat Herrie al in die boot was om saam Kaap toe te kom, toe die Kaapmans hom daar kom uithaal het, want hulle vertrou hom nie om alleen die woord by die Fort te voer nie. Verder berig hulle dat al die Kaapmans alreeds op pad was om te kom onderhandel.<sup>35</sup>

Herrie het hom nie langer laat keer nie. Die aand van 10 Maart daag hy en Doman saam met Harman Remanjenne by die fort op. Hulle het 10 beeste en 'n paar skape saamgebring.. Admiraal Sterthemius het Remanjenne met 25 reale beloon. Die twee Koina is op die gebruikelike wyse getrakteer en 'n hoeveelheid koper, tabak en krale gegee. Omdat dit al laat was, het hulle toestemming verkry om met hulle volgelinge, hutte en beeste "*agter of buite*" die Bosheuvel te gaan. Oor vrede sou later onderhandel word.<sup>36</sup>

Op 5 en 6 April 1660 vind die onderhandelings toe plaas. Herrie was die leier, bygestaan deur 'n paar van die oudste en belangrikste lede van die Kaapmans. Opnuut is ooreengekom om mekaar nie te molesteer nie. Van die geroofde vee was niks meer oor om terug te gee nie. Die Kaapmans beloof om voortaan hul bes te doen om die toevoer van vee vanaf die binnelandse stamme sover moontlik te bevorder. Met nadruk het hulle aangevoer dat die neem van meer grond, wat van alle eeue af aan hulle behoort het, waar hulle gewoon was om hulle vee te laat wei, die oorsaak was vir hul optrede. Hulle wou weet, as hulle nou in Holland kom, sou hulle toegelaat word om dieselfde te doen? Waarom dan, word daar in die Fort gewoon maar soek Van Riebeeck, sonder om te vra of te verneem of dit die Khoi pas of enige ongerief sal besorg, boonop nog die beste grond uit? Hulle dring daarop aan om weer vrye toegang tot die gebied te verkry.

Die verweer was dat daar nie vir almal se vee genoeg weiding was nie. Die Koina het saamgestem maar bygevoeg dis juis die rede waarom hulle wou voorkom dat die kompanjie 'n groot hoeveelheid beeste besit. Wie moet plekmaak, die regte eienaar of die vreemde "*innemer?*" Staande dus op hul ou reg van natuurlike eiendom, wil hulle in die afgebakende gebied waar die wilde amandels oral groei, daarvan gaan pluk en ook as winterkos daar na "*worteltjies vroeten.*" Hierdie versoek is hulle geweier, want, is aangevoer, dit sal te veel geleentheid gee om "*de coloniers*" te benadeel. Boonop benodig die kompanjie self hierdie jaar die amandels vir die plant van die beoogde skutheining. Toe die Koina egter volhou met hul aanspraak, het die amptenare te kenne gegee dat die Koina die gebied nou deur die oorlog verloor het. Hulle kan nie meer

---

<sup>35</sup> *Daghregister III*, pp 188-9.

<sup>36</sup> *Daghregister III*, pp 190-1.

daarop aanspraak maak nie, veral omdat hulle nie die geroofde vee, wat hulle onregverdig en sonder rede geneem het, terugbesorg het nie.

Hierop kla die Koina dat wanneer vryburgers 'n skaap of 'n kalf van hulle wil ruil, word hulle hardhandig behandel. Hulle krale, arm- en ooringe word afgeneem en aan die burgers se slawe gegee. Sonder dat die kommandeur daarvan wis, kla hulle, word hulle dan gestoot en geslaan wat nie langer meer geduld gaan word nie. Dis genoegsame rede vir die neem van die vryburgers se vee. Die kommandeur verwys toe na al sodanige klagtes wat in die verlede opgevolg en gestraf is. As sulke klagtes as genoegsame rede vir roof en steel geag word, sal daar dus nooit rus en vrede wees nie. Hulle sal eenvoudig net nog meer grondgebied deur verdere oorloë verloor, tensy hulle 'ons' kan verjaag, die Fort bemeester en dit dan bly behou. As dit hul keuse is, dan sal daar maar gesien moet word hoe daarop geantwoord word.

Die Kaapmans het besef dat hulle 'n verlore saak voer. Hulle het aan die hand gedoen dat dit maar as gedane sake beskou word wat aan die verlede behoort. In die toekoms sal hulle nie meer enige moleste veroorsaak nie. Dié wat hulle mollesteer sal hulle kom verkla om gestraf te word. Toe is ooreengekom, sodra die retoervloot vertrek, sal die kommandeur aan hulle die weë wys waarlangs hulle mag beweeg asook die "*limiete*" waarbuite hulle moet bly. Om solank die vredesooreenkoms te sluit, is aan die bykans veertigtal Koina teenwoordig enige koper, krale en tabak gegee asook iets te ete en drinke tot van hulle "*altemaelen lustigh bestoven*" was.<sup>37</sup> Op dié noot is die eertse VOC-Koina-oorlog afgesluit.

Die kompanjiesamptenare was in hul skik. Donderdag 8 April 1660, toe die Kaapmans na hul huise vertrek, is in die Fort 'n dankdag gehou. Ds Cornelius Walrandt het in sy preek verwys na die VOC se koms na die Kaap agt jaar tevore. God is gedank vir al die milde seëninge, mag dit in die toekoms voortduur.<sup>38</sup>

Drie weke later, op 27 April, daag drie verteenwoordigers van Choro, leier van die Gorachouqua, by die Fort op met die versoek om 'n soortgelyke ooreenkoms te sluit. Hulle wil weer af en toe by die Fort geduld word en beloof om hul bes te doen om deur ruil genoeg beeste te bekom, hetsy hul eie of van die binnelandse stamme om aan die kompanjie beskikbaar te stel. Die antwoord was dat hulle vireers, tot verdere onderhandelings gevoer is, hulle moet hou by die neergelegde weë en toegange by die waghuis *Kijck Uijt en Keert de Koe*. Hulle is eweneens met koper, tabak, krale, "*brandend<e>- ende Spaense wijn,*" arak, rys en brood getrakteer. Verder is hulle op die hart gedruk dat dit nog altyd die kompanjie se bedoeling was om in vriendskap met die land se bewoners te leef.<sup>39</sup>

Soos die vorige jaar is op 1 Mei weer offisiere vir die burgers aangewys wat moes help om goeie orde onder hulle te handhaaf. 'n Uitvloeisel van die oorlog was dat alle

---

<sup>37</sup> *Daghregister III*, pp 197-9.

<sup>38</sup> *Daghregister III*, p 201.

<sup>39</sup> *Daghregister III*, p 207.

vryburgers voortaan oor 'n geweer moes beskik. As 'n afsonderlike militêre eenheid moes hulle te alle tye gereed wees.<sup>40</sup>

'n Maand later daag hoofman Choro, met ongeveer 'n honderd Gorochouqua, asook hoofman Ankaisoa, by die Fort op. As vredesaanbod oorhandig hulle dertien beeste. Hierop volg die gebruikelike traktering en gee van geskenke as teken van aanvaarding. Herrie en Doman was die tolke. Klaarblyklik om hulle weg te hou van die ander is dié twee daardie aand slaapplek in die Fort gegee. Toe hulle opnuut kla oor hul weivelde wat geneem is, herinner Van Riebeeck hulle daaraan dat dit 'n afgehandelde saak is, want hulle het dit met die oorlog verloor. Opvallend, die Gorachouqua het nie laat blyk dat die verlore weiveld hulle juis skeel nie. Hulle was tevrede met die herstelde vriendskaplike betrekkinge en het die voorwaarde sonder meer aanvaar dat hulle by die nuwe toegange en weë moet hou.

Die volgende dag was 'n Sondag. Na afloop van die kerkdien, belaai met geskenke – meer as die waarde van die dertien beeste, is verwykend in die dagregister aangeteken – is die Gorachouqua verder met ete en drinke getrakteer. In die middel van die Fort se binneplein is 'n houer met drank en 'n bekertjie geplaas wat daartoe gelei het dat dit 'n té plesierige affêre geword het. Behalwe om te sing en dans, is allerlei manewales uitgehaal. Die hoofman het hom statig gedra maar van die ander kon nie. Dit was 'n grootse vredesfees. Die volgende dag het Van Riebeeck hulle tot by die slagbome van *Kijck Uijt* en *Keert de Koe*, voortaan die enigste deurgange, vergesel. Ook die grondgebied wat hulle in die toekoms nie mag betree nie, is aan hulle uitgewys. Om hulle verder te beïndruk is hy met sy perd op 'n galop daar weg.<sup>41</sup>

Die kompanjie het dus met al sy 'vyande' vrede gesluit. Saam kon die Skiereilandse Koina bykans duisendman sterk wees wat veel meer was as wat die kompanjie gewoonweg kon monster selfs al is besoekende skeepsbemannings gebruik.

Volgens sy oktrooi kon die VOC lande annekseer, daarvoor heers, oorloë voer en traktate sluit ten einde handel te dryf. In die uitvoering hiervan het die VOC die noodsaak ervaar om aan die Kaap, vanweë die gunstige ligging, 'n maritieme diensstasie te stig. Toe dit op 6 April 1652 gebeur, het die inboorlinge van die skiereiland nie onmiddellik opgetree en dit verhinder nie. Dit was hul eerste gebrekkige optrede. Die rede was hul geringe getalle, te eenvoudige wapens en ongekoördineerde handeling. Later was hulle té kwesbaar vir sover dit die handelsgoedere van die nuweling betref. Hulle enigste wapen was om die beeste wat die kompanjie voortdurend benodig het, te beperk deur hul af te sny van die veeryker stamme in die binneland. Sodoende het hulle die blankes afhanklik gemaak van hul samewerking en goedgesindheid. Teneinde die nuweling se aantal vee te beperk, is soms wederregtelik daarvan geneem. Dit het wrywing meebring en verhoudinge versuur.

---

<sup>40</sup> *Daghregister III*, pp 214-5.

<sup>41</sup> *Daghregister III*, pp 216-8.

Aanvanklik het die Kaap nie ten volle aan sy doelwit beantwoord om 'n volwaardige maritieme diensstasie te wees wat veronderstel was om aan die verbyvarende skepe genoegsame vars voedsel te lewer nie. Vandaar die Februarie 1657 uitbreiding. Vanweë die verlies aan goeie weiveld en oortuig daarvan dat die nuwelinge nie weer gaan vertrek soos vorige tydelike besoekers nie, het dié uitbreiding die Koina inderdaad ontstel. Ofskoon hulle tydens die toekenning van die individuele plasies beswaar aangeteken het, is daarop geen ag geslaan nie. Die besetting het eenvoudig voortgegaan. Weereens was die Koina onmagtig om dit daadwerklik te stuit. Gevolglik het hulle aangehou om vee te roof en alle ystervoorwerpe te neem. Wanneer hulle teengegaan is, het hulle met assegaaië hulle self laat geld. So het 'n paar persone met hul lewens geboet of was erg beseer. Herrie is ná sy gevangeneming na Robbeneiland gestuur. Toe het Doman probeer om die verskillende Skiereilandstamme saam te snoer en is sporadiese aanvalle, veral wanneer dit gereën het, uitgevoer, maar sonder sukses.

Die blankes was nooit werklik in staat om die klein groepies Koina tot 'n geveg te dwing nie. Daarvoor was hulle té goeie kenners van die omgewing wat hulle meesterlik gebruik het. Twee voorvalle het egter die skaal laat swaai. Die verliese wat die Koina gely het, het onmin in hul geledere ontketen met oor en weer verwyte. Na bykans 'n driekwart jaar se oorlogmaak, het dit teen die klein stammetjies begin tel. Van hulle het gaan skuiling soek by die sterker stamme wat hulle nie by die oorlog wou laat betrek nie. Op die duur is verlang na hul vorige tuistes waar hulle hul bepaalde leefwyse kon voortsit. Vandaar die versoek om vrede. Die Blankes het die oorlog benut om die besette grond wettig te verower. Die blankes was nooit in staat om die klein groepies Koina tot 'n geveg te dwing nie. Die versoeke om die herstel van die vroeëre vrede het gepaard gegaan met die erkenning van hul onvermoë om die blankes van hul weiveld te verdryf. En ofskoon die Koina 'n wettige aanspraak op die grondgebied gehad het, was hulle nie in staat om hul reg te laat geskied nie en daarom dit verloor.

In die verlede, vandag nog, is baie van die sogenaamde Van Riebeeck-grensllyn gemaak. Dis duidelik dat die grensllyn nie voor die oorlog bestaan het nie; op sy beste gedurende die oorlog aangelê is, nie soseer om blank en Koina te skei nie, eerder om, soos meer as een keer duidelik uitgedruk is, 'n poging om die vee te probeer behou. Trouens, 'n groot deel daarvan sou 'n heining wees wat nooit werklik vorm aangeneem het nie omdat dit eers ná die oorlog verby was, geplant moes word. Van dié plante het weinig indien enige wasdom bereik, want goewerneur Wagenaer het twee, drie jaar later daarna as maar vinger lank verwys. Toe al was so 'n grens lank nie meer nodig nie. Selfs die paalheining het na enkele jare in onbruik geraak want die Koina het as 'n bedreiging verdwyn. Slegs die waghuisies het nog 'n tydlank 'n doel gedien.

As die suksesvolste weerstand van 'n inheemse volk teen die onwelkome indringing van Europeërs stel Japan die beste voorbeeld. Vroeg in die sewentiende eeu het die Japanese besef dat dit op die duur vir Japan nadelig gaan wees as die groot aantal Nederlanders, Spanjaarde, Engelse, Franse en Portugese almal Japan gaan binnekom. Daarom is besluit om net een groep, naamlik die VOC, enige handelsregte toe te staan maar dan ook op Japanese voorwaardes. Die VOC moes sy Japanse hoofkwartier op die eiland Deshima oprig en vandaar handeldryf. Ter wille van wedersydse goeie



handelsbetrekkinge het die Japanese keiser jaarliks 'n oudiënsie aan die Nederlanders toegestaan. Verder as dit kon die Nederlanders Japan nie betree nie. Hierdie standpunt is gehandhaaf selfs tot lank ná die verdwyning van die VOC.<sup>42</sup>

As die Koina dieselfde insig en vermoë gehad het, die VOC se maritieme diensstaie sê tot Robbeneiland beperk het, kon sake heel anders verloop het. Maar VOC en Koina het vanweë die behoeftes wat hulle by mekaar geskep het, mekaar te nodig gehad.

---

<sup>42</sup> M Kanai, "Nederland en Japan 1602 – 1860," in M A P Meilink-Roelofs e a (reds.), *De VOC in Azië*, (Bussum, 1976), pp 193-236.